VERWAGTINGE BEPAAL DIE ROL WAT DIE PREDIKANT IN DIE GEMEENTE SPEEL!

Kerkspieël 2004

Jan Bisschoff

Verwagtinge speel nog altyd 'n groot rol in mense se lewens, ook wanneer iemand as predikant in 'n gemeente dien. Hierdie verwagtinge, eksplisiet verwoord en implisiet gedra deur bepaalde gedrag, het oor baie jare die predikant se rol in 'n gemeente bepaal. Ten goede het dit daartoe gelei dat lidmate en predikante nader na mekaar toe beweeg het en is behoeftes opgevang en aangespreek. Die teendeel is egter ook waar. In sekere gevalle is die predikante vasgevang in 'n soort verwagting of denke wat sy/haar identiteit as geroepe vervreem het. Die predikant het gedoen wat hy/sy nie oortuig was tot die wese van predikantwees hoort nie of nie so belangrik in vergelyking met die geheel was nie. Die spanning wat hiermee saamgaan, is bekend aan baie predikante – een van "ek moet, want hulle verwag dit van my; ek kan dit doen waartoe ek glo die Here my geroep het."

Vier aspekte is getoets

Hierdie spanning tussen verwagtinge wat die gemeente koester en die predikant se eie is duidelik uit die opnames wat die afgelope jare onder predikante gedoen is onder naam van Kerkspieël. Daar is by vier geleenthede spesifiek navraag gedoen onder die opskrif "Rolomskrywing – gemeente se verwagting en eie voorkeur." Vier momente of aspekte van 'n predikant se rol is getoets:

- 'n **Priester** as leier wat die tradisie beskerm en die Here se genade bemiddel
- 'n **Prediker** wat oral in alle omstandighede die Woord moet verkondig
- 'n **Toeruster** wat die lidmate se gawes help ontwikkel sodat elkeen die gemeente en gemeenskap daarmee kan dien
- 'n **Profeet** wat op sosiale, maatskaplike, ekonomiese en politieke gebied misstande onbevrees uitwys en die gemeenskap begelei om te verander

Teologiese begronding

Elkeen van hierdie vier sake word deur 'n bepaalde teologie gedra.

- Die **priester** kom uit die teologie van die kerk as instituut wat sterk herinner aan die Rooms Katolieke tradisie. Die priester se teenwoordigheid en optrede word die punt waar genade uitgedeel en ontvang word. Dit het natuurlik 'n waarheidsmoment omdat presensie een van die belangrike momente van geestelike leierskap is. Die risiko is dat die predikant opgeëis word om die lidmaat se ego-gesentreerdheid te versterk waar die fokus nie die "ek" van God se geliefde kind is nie, maar die "ego" wat aandag wil hê.
- Die **prediker** dra die Woord vanuit die Gereformeerde tradisie. Dit moet altyd en oral verkondig word. Die lidmaat ontvang die Woord uit die hand van 'n gesaghebbende. Dit is goed en sleg. Lidmate is deur die jare ontmagtig om die Woord te hanteer – nie eksplisiet nie maar implisiet. Alleen as die prediker die woord spreek by 'n sieke, trauma, ens, dan was die kerk daar.
- Die **toeruster** kom uit die ekklesiologie wat die funksionering van die liggaam met al sy ledemate beskryf. Toerusting het ten doel dat elkeen in die liggaam hul roeping leef. Hierdeur word die eensydige klem op die predikant se alleen optrede verskuif na die klem op lidmate wat hul plek kan inneem.
- Die **profeet** word dalk deur aspekte van die bevrydingsteologie gedra. Die lig van God se Woord

moet laat val word op die samelewing – in hierdie geval deur meer as woorde. Dade wat lei tot protesoptrede en mobilisering van gelowiges is uiterste momente in hierdie rol.

Op 'n manier is al vier hierdie momente van belang in die taak van 'n predikant in die gemeente. Die soeke na 'n balans is seker die kernvraag.

Respondente is gevra om hul waarneming van die gemeente se verwagting ten opsigte van hul rol as predikant op 'n vier punt skaal te plaas. Hulle moes die vier moontlikhede rangskik in 'n rangorde van prioriteit met 1 as 'n hoë prioriteit en 4 as 'n lae prioriteit. Daarna moes hulle hul eie voorkeur op dieselfde wyse aandui.

Resultate

Die resultate van die vier opnames 1993, 1996, 2000 en 2004 lyk grafies soos volg:





Uit die grafiese voorstelling is die volgende duidelik (***let op hoe nader aan basis {X-as}, hoe belangriker die saak***; verder word die telling uit 5 vir 2004 gegee):

- **Lidmate** sien die predikant se rol primêr as prediker (1.54), dan as toeruster (2.29), daarna as priester (2.36) met die profeetrol laagste (3.36). Die sprong van 1.54 na 2.29 is groot, so ook die een van 2.36 na 3.36. Dit beklemtoon die pole met prediker as hoogste voorkeur en profeet as laagste voorkeur.
- **Predikante** sien hulself primêr in die toerusterrol (1.74) met die predikerrol baie naby (1.88). Daarna is dit 'n groot sprong na die priesterrol (2.92) en die profeetrol ook hier die laagste voorkeur met 3.43.

Betekenis

Wat sou dit nou kan beteken? Naas die feit dat predikante hul rol op 'n sekere manier definieer en aanvoel dat lidmate anders daaroor dink, kan uit 'n godsdiens-sosiologiese hoek die volgende opmerkings gemaak word. Die geloofsgemeenskap reageer ook op die voortdurende blootstelling aan verandering in die samelewing. Nancy Ammerman gebruik drie lense waarmee sy die gemeentelike lewe analiseer in die lig van omgewingsveranderinge. Die vraag vir haar is hoe die veranderinge impakteer op die bronne, gesagstruktuur en kultuur van 'n geloofsgemeenskap.

- Indien die predikant as 'n **bron** in die geloofsgemeenskap gesien word, is dit belangrik om die energie van hierdie bron te fokus op dit wat belangrik in die konteks is. Lidmate se fokus op die leraar as prediker teenoor die toeruster wat die predikant wil wees, is ook 'n vraag na die aanwending van die bron en die effek daarvan.
- Die lens van **gesagstruktuur** word bevestig deur die klem wat op die leraar as prediker val. Hy/sy is die gesaghebbende wat die Woord dra. Daarteenoor wil predikante die gesag versprei deur lidmate toe te rus.
- **Kultuur** het te doen met die praktyk waarop geloofsgemeenskappe hulself inrig en rolle definieer. Tradisie speel hier 'n groot rol en versterk verwagtinge. Die klem op die leraar se rol word hierdeur verklaar.

Uiteindelik moet hierdie nadenke ons help om te verstaan waarom geloofsgemeenskappe op 'n sekere manier funksioneer. Die verskil tussen stad en platteland is nie eers in die gesprek verdiskonteer nie en is deel van die unieke funksionering wat verwagtinge bepaal. Vanuit hierdie verstaan kan prosesse bestuur word waar predikante en lidmate mekaar vind in terme van realistiese verwagtinge en bedieningspraktyk.